*Dinsdag* **18 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 136:1-26**
**Fokusgedeelte: Psalm 136:2, 3, 12**

**Aan sy liefde is daar geen einde nie**

In die Joodse tradisie het dié Psalm bekendgestaan as die Groot Psalm van Lofprysing. Selfs in sy opbou kan die lofprysing gesien word: ’n oproep tot lof in die inleiding (vs 1-3); die hoofdeel wat oor God se heilsdade handel (vs 23-22); oproep tot lof in die slot (vs 23-26). ’n Verdere kenmerk is die herhalende refrein “aan sy liefde is daar geen einde nie” of “want sy goedertierenheid is tot in ewigheid”. Volgens die oorspronklike psalm sing die koorleier voor elk van die 26 verse “Loof Jahwe”, dan volg die koor met ’n deel waarin vertel word van God se groot dade in die geskiedenis, waarna die gemeente die refrein sing.

As Nuwe-Testamentiese gelowiges kan ons soveel meer maak van God se lof, want ons het juis dié liefde van God gesien waar Hy sy eniggebore Seun gegee het. Vir wie? Vir ’n in sonde gevalle, vervreemde, opstandige, haatdraende, vervloekte mensheid. Waarlik, aan sy liefde is daar geen einde nie. Vir meer as 160 jaar al bewaar God die Gereformeerde Kerke ten spyte van soveel aanslae. Ons sien daagliks in ons eie lewe dat Hy die God van die gode, en die Here van die here is, wat ons telkens met sy sterk hand en met sy uitgestrekte arm verlos. Kom ons maak elke dag ’n feesdag, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.

*Sing: Psalm 33-1:6*<br>*Ds. S (Simon) Hibbert (Emeritus)*